Woensdag Brief 20 Mei 2020

Gegroet vanuit die pastorie; Vorentoe gaan ek ook ander persone vra om bydraes te maak vir die Woensdag Brief en indien jy so ’n bydrae wil lewer, kontak my asb.

So ’n jaar of vier terugwaarts woon ek ’n voordrag van die bekende entomoloog Erik Holm in De Rust by wat gaan oor spinnekoppe. Indrukwekkend was die voordrag en die inligting oor spinnekoppe het my ook nuut laat dink oor die rol van goggas in die wêreld waarin ons woon. Hierdie ervaringe onthou ek oor ek in *Die Beeld* ’n artikel van Erik Holm lees, maar die keer het hy dit oor menseregte. In dieselfde uitgawe van die koerant is daar ’n menings-berig deur Nelus Niemandt wat nou die rektor van die Hugenote Kollege in Wellington is. Hy vra die vraag waar die kerke se stem in hierdie pandemiese tyd is.

Professor Holm se inleiding, in sy rubriek ‘Uit ons omgewing’, stel dat as daar nou ooit ’n onvolhoubare idee was, dan is dit dié van universele menseregte. Menseregte as ’n slegte variasie van humanisme wat die mens bo God en die skepping stel as die hoogste maatstaf is die een wat hy bedoel. Sulke menseregte behels onbeskaamd beregtiging sonder teenprestasie, ’n bose en vernietigende instelling sonder weerga. Daar is geen gelykheid by die uitdeel van talente nie, maar regverdigheid gaan oor wat elkeen met sy gawes doen – natuurlik ’n verwysing na die gelykenis oor talente.

Professor Niemandt wonder in sy artikel waar die kerke in Suid-Afrika se stem is in die openbare debatte oor die pandemie wat oorheers word deur die medici en ekonome en natuurlik die politici. Hy meen kerke behoort ten minste te praat oor ons samelewing se idee van wat met menswees bedoel word. Hy voel kerke moet hulle stemme laat hoor synde die mens ’n hart het, maar ook ’n hart is – die mens is oneindig meer as ’n biologiese wese.

Dis algemene nuus dat omtrent almal ontevrede is met die inslag van die inperking wat afgedwing word, Die verkeerde fokus, aldus prof Niemandt, word onderstreep deurdat gepraat word van sosiale afstand wat gehandhaaf moet word eerder as ’n gesonde fisiese afstand. Kerke moet dalk, op ’n beskeie manier, aan die owerhede verduidelik dat hulle nie nodig het om so baie komplekse regulasies uit te vaardig nie – dat mense vertrou kan word om die basiese omsigtigheid na te kom terwyl die pandemie voortwoed.

Dis ook reeds algemene nuus dat mediese kundiges meen dat die tyd dat ’n inperking nodig is, nou verby is. Dit het geen meer doel verder nie. Wat ook wyd aanvaar word en so uit die praktyk van gemeenskappe, is dat inwoners van digbevolkte gebiede hulle baie min steur aan enige inperking-maatreëls. Daar is nie ’n kans dat die doel wat met die *lockdown* bereik wou word, in sulke areas suksesvol kan wees nie. Dit is ook bekend dat die grendeltyd die ekonomie op ’n wye front die nek omdraai en werkloosheid op groot skaal verhoog en besig is om van ’n resessie ’n depressie te maak.

Die twee artikels wat nogal langs mekaar op dieselfde bladsy verskyn het, verhelder miskien onwetend gesamentlik wat die probleem en oplossing is. Dit sou te vinde wees by die toepassing van ’n verkeerde ideologie van menseregte, asook by die fop-kommunikasie dat ons sosiale afstand moet bewaar eerder as gesonde fisiese afstand. Ons sit nie nou grotendeels met ’n virus-pandemie nie, maar met ’n chroniese ideologiese siekte. En net omdat die algemene kerk nie daaroor praat nie, beteken dit nie dat ons wel in ons eie omgewing die oplossings kan begin be-oefen nie.

Dit is soos die voorsitter van die Sakeliga in ’n onderhoud met Rapport aanbeveel – dat ons in tye soos hierdie mekaar plaaslik moet bystaan en help. En is dit nie juis een van die pilare van gesonde gemeenskappe nie? Die mens het nie net ’n hart nie – hy is ’n hart. Geen wonder dat die Nederlanders dit wat ons gemeenskap noem, ’n gemeente noem. Ook insiggewend dat beide Holm en Niemandt in hulle artikels voorstel dat ons almal meer beskeie met die lewe moet omgaan.

Ek haak aan ook in Griekwastyl ’n voorlesing van Ps. 3 aan; Tot ’n volgende keer, gegroet.